

Waarom was julle dan nie bang nie? (OP44)

Num 11:10-15, 12:1-16

13 Junie 2021

Laasweek het ons stilgestaan by die gebeure by Tabera en Kibrot-Taäwa. Die volk is op pad na die beloofde land, maar die trek tussen Sinai en die beloofde land word ongelukkig gekenmerk deur 3 insidente van opstand – 2 van die 3 is die gebeure waarna ons laasweek gekyk het. Ons het gesien die begeerte van die volk was beperk tot die fisiese voordele van óf Egipte óf die beloofde land, maar hulle het nie die geleentheid gebruik om die Here te leer ken nie.

Vandag wil ek stilstaan by die 3de insident van opstand – dit is die gebeure wat by Gaserot afspeel, en wat in Num 12 vir ons beskryf word. In hierdie insident is dit Mirjam en Aäron wat in opstand kom, en hulle bevraagteken in besonder die gesag van Moses. Dit is egter nodig dat ons Num 11 se gebeure ook in gedagte moet hou as ons na Num 12 kyk, en ek gaan dus begin deur sekere aspekte van Num 11 net weer uit te lig.

Num 11: Moses se klag, en die Here se antwoord

In Num 11:10-15 het ons gelees dat Moses ook gekla het, soos die volk. Maar Moses het, anders as die volk, by die Here gaan kla. Die inhoud van Moses se klag is die volgende:

- Hy kla dat hy alleen die hele verantwoordelikheid vir die volk dra. Volgens hom is dit ongenadig en onredelik van die Here om dit van hom te verwag (vs 11, 14)
- Hy kla dat hy nie die een is wat die volk in die wêreld gebring het nie (vs 12)
- Hy kla dat dit onredelik is dat hy die volk soos 'n suigeling moet versorg, en nou aan hulle vleis moet gee (vs 12, 13)
- Hy kla dat hy die volk by die beloofde land moet bring, terwyl dit die Here is wat belooft het om hulle daar te bring (vs 12)
- Hy kla dat hy eerder wil sterf as om op hierdie manier onder te gaan (vs 15)

Die antwoord van die Here is dat Hy 70 oudstes sal aanstel wat Moses kan help om die verantwoordelikheid vir die volk met Moses te deel. En dit is presies wat gebeur. In vers 25 lees ons hoe dat 'n deel van die Heilige Gees wat op Moses was, op elkeen van die 70 oudstes gekom het, en hulle begin profeteer het. In verse 28-29 lees ons dat Josua besorgd is oor Moses se posisie, immers is daar nou 70 persone wat profeteer, nie meer net Moses nie. Maar Moses beskou die saak totaal anders as Josua – Moses sou wou sien dat nie net 70 nie, maar elke lid van die volk onder leiding van die Heilige Gees profeteer.

Num 12: Die opstand van Mirjam en Aäron

Num 12 begin met Mirjam en Aäron wat Moses aanspreek oor sy Kussitiese vrou (v1). Kan ek die volgende opmerking hieroor maak:

- Hierdie Kussitiese vrou is die onderwerp van 'n groot debat: Moses is immers jare gelede al getroud met Sippora, wie is hierdie Kussitiese vrou nou? Daar is baie bespiegelings: sommige redeneer die Kussitiese vrou is Sippora (Sippora was van Midian, en op een of ander wyse kan Midian met Kus verbind word), ander redeneer Sippora is waarskynlik intussen oorlede, en Moses het dus weer getrou (ons lees nêrens dat Sippora oorlede is nie), ander redeneer dat Moses met 'n tweede vrou getrou het (alhoewel daar geen aanduiding is dat daar rede sou wees waarom Moses dit sou doen nie, soos byvoorbeeld om met sy broer se vrou te

trou na sy broer se afsterwe nie; en om te redeneer Moses was skuldig aan bigamie is ook moeilik om sonder meer te aanvaar), en daar is selfs sommige wat redeneer dat Moses geskei het van Sippora en nou weer getroud is met 'n Kussitiese vrou (daar is egter nêrens enige bewys van sodanige optrede nie). Die feit van die saak is: ons weet doodeenvoudig nie. Maar om te redeneer dat Moses hom skuldig gemaak het aan 'n groot misstap sonder enige verdere bewyse, of reaksie van die Here, klink onwaarskynlik, veral in die lig van die res van die gebeure in hierdie hoofstuk waar die Here juis ten gunste van Moses optree.

Maar die Kussitiese vrou is nie werklik Mirjam en Aäron se beswaar nie. Hulle eintlike beswaar is dat hulle bevraagteken of die Here werklik net deur Moses praat, en nie ook deur hulle nie (v2). Hulle is dus jaloers op Moses. Onthou nou, hulle is Moses se suster en broer – wat maak hom soveel meer spesiaal as hulle? Boonop, Mirjam is 'n profetes (Eks 15:20) en het 'n leidende rol onder die vroue van die volk gespeel, en Aäron is hoëpriester! Hulle voel hulle is ook belangrik! In Miga 6:4 staan daar immers dat die Here die volk deur Moses gelei het, en ook deur Aäron en Mirjam! Wat hulle heelwaarskynlik verder ontstel het is die feit daar nou nog 70 oudstes ook aangestel is, en dit oor Moses gekla het hy kan nie meer alleen die verantwoordelikheid dra nie. Waar wat dan van hulle? Was hulle nie goed genoeg om Moses te help nie? En nou is daar nog 70 leiers waardeur die Heilige Gees werk. Hulle sien hoe hulle posisie van gesag en senioriteit in gedrang kom.

Die reaksie van Moses is verstommend. Lees vers 3. Moses word beskryf as die mees sagmoedige (nederige) man van alle mense op die aarde! Anders as Mirjam en Aäron wat veg vir hulle posisie van gesag, ontstel dit Moses glad nie. Hy dryf dit nie op die spits nie. Onthou sy antwoord aan Josua in Num 11:29 toe die 70 oudstes aangewys is: “Bekommer jy jou oor my posisie?” Duidelik gaan dit nie vir Moses oor sy persoonlike posisie nie – wat vir hom belangrik is, is dat die volk van die Here behoorlike lyding ontvang. (Vers 3 is ook 'n hoogs gedebateerde vers in Numeri wat glo die outeurskap van Moses van die boek bevraagteken – hoe kan die sagmoedigste mens op die aarde van homself sê dat hy die sagmoedigste mens op aarde is? Ek gaan nie hierop in nie – ek aanvaar doodeenvoudig dat die Heilige Gees Moses oortuig het om dit skryf).

Maar anders as Moses, laat die Here die saak nie daar nie. Hy ontbied Moses, Mirjam en Aäron onmiddellik na die tabernakel toe (vs 4), en daar konfronteer Hy Mirjam en Aäron. Die inhoud van die Here se argument is die volgende (v6-8):

- Hy praat wel met meer as net Moses, Hy praat ook met profete. En Hy praat met hulle deur visioene en drome (ek het geen idee waar die OAV se “boom” vandaan kom nie).
- Maar met Moses is dit anders: Hy is besonder getrou – lees die OAV: “in My hele huis is hy getrou”. Daarom praat die Here met Moses op 'n direkte manier, nie deur raaisels nie. Moses is verder bevoorreg deurdat hy selfs iets van die gestalte van die Here gesien het – iets wat ander profete nie gesien het nie – waarskynlik verwys dit na Eks 33-34 waar Moses iets van die heerlijkheid van die Here gesien het. Weens Moses se getrouheid, staan hy uit bo die ander profete, en gevolglik tree die Here anders op teenoor hom.
- En dan vra die Here vir Mirjam en Aäron: “Waarom was julle nie dan nie bang om so met My dienaar Moses te praat nie?”

In die res van die hoofstuk lees ons die ontknoping van die hele situasie. Die toorn van die Here ontvlam teen Mirjam en Aäron. As die wolk wegtrek, blyk dit Mirjam is melaats. Aäron pleit direk by Moses dat hulle dwaas was in hulle optrede, en dat Moses tog nie haar in haar melaatsheid moet los nie. Moses bid tot die Here om haar gesond te maak. Dit lyk of sy direk gesond geword het, maar sy moes tog deur 7 dae van afsondering gaan, waarskynlik as reinigingshandeling na die melaatsheid, maar ook as 'n erkenning dat sy skandelik opgetree het. Die volk het nie verder getrek voordat die

periode van 7 dae verby was nie. Waarskynlik is net Mirjam met melaatsheid getref, omdat sy die dryfveer was wat Aäron aangehits het om saam met haar teen Moses op te tree.

Nuwe Testamentiese perspektief op hierdie gebeure

Ons het nou al herhaalde male onderstreep dat die gebeure in Numeri nie maar net gebeure is nie – nee, dit is gebeure met 'n betekenis vir ons – trouens dit is waarskuwings en voorbeelde vir ons. Ons het ook al herhaalde male gesê dat die Ou Testamentiese volk is 'n tipe van die Nuwe Testamentiese kerk. Ons het ook al gesien dat Moses in 'n sekere sin 'n tipe is van Christus. Kom ons gaan kyk nou na wat die Nuwe Testament oor Moses sê, en wat die implikasies daarvan vir ons is om die betekenis van hierdie Numeri gebeure behoorlik te ontgin.

Lees Heb 3:1-6. Vers 1 rig 'n ernstige appel op ons dat ons noukeurig moet let op Jesus, die Apostel en Hoëpriester van ons geloof. Vers 2 maak die stelling dat Jesus getrou is aan God, soos wat Moses getrou was in die heile huis van God. Hier word 'n vergelyking gemaak tussen Jesus en Moses: Moses was getrou in die huis van God – onthou Num 12:7 waar die Here van Moses getuig het dat hy getrou is in Sy heile huis (OAV). Hebreërs leer ons dat Jesus ook so getrou was aan God. Maar in vers 3 gaan die Hebreërskrywer verder, en sê dat Jesus is groter heerlikheid waardig geag as Moses – Jesus is dus heerliker as Moses. Onthou nou hoe hoog die Here Moses geag het in Num 12: In vers 3 het ons gelees hy is die sagmoedigste mens op die aarde, en in vers 7 het die Here self getuig oor die getrouheid/betroubaarheid van Moses. Die Here het Moses so hoog geag, dat Hy opgetree het teen Mirjam en Aäron wat nie vir Moses hoog geag het nie.

Maar die Hebreërskrywer redeneer nou dat Jesus nog meer heerlikheid waardig is, en hy gee die rede hiervoor: Want die Een wat die huis bou, is meer heerlikheid/eer waardig as die huis. Vers 4-6 verduidelik in meer detail wat dit beteken: Duidelik is God die Een wat Sy huis bou (v4). Die huis is die gelowiges wat vashou aan die hoop (v6). Moses was getrou as dienaar in die huis van God (v5) – in Ou Testamentiese taal was Moses getrou in sy rol as dienaar in die volk. Daarteenoor, is Jesus getrou as Seun oor die huis van God (v6). Boonop, het Moses getuig oor die dinge wat God nog sou sê, maar Jesus is natuurlik die vervulling van wat God sou sê.

Die argument in Hebreërs is dit: Moses was getrou, en Jesus is getrou. Maar Jesus is heerliker as Moses, want:

- Moses was maar 'n mens, 'n dienaar, deel van die volk. Ja, hy was 'n baie spesiale mens – die sagmoedigste van almal, uiters betroubaar oor die hele volk/huis van God. Daarteenoor is Jesus heerliker as Moses – want Hy is die Seun van God!
- Moses was aangestel in die huis van God, hy was dus deel van die huis, deel van die Ou Testamentiese volk. Daarteenoor is Jesus heerliker as Moses – Hy is getrou oor die huis van God, die Nuwe Testamentiese kerk
- Moses het getuig van wat God nog sou sê. Daarteenoor Jesus is heerliker as Moses – Hy is die inhoud van wat God sou sê.

In Num 11 het ons geleer van die klag wat Moses na die Here gebring het. Kom ons vergelyk wat ons daar van Moses leer met wat ons van Jesus leer in die Nuwe Testament:

- Moses kla: “Het ek dan swanger geword en die volk in die wêreld gebring?” Natuurlik het Moses nie. Maar wie het dit wel gedoen? Nie net is Jesus die Een deur wie alles, insluitend die wêreld en die volk, geskep is nie, maar Hy is ook die Een wat die Vader aan die gelowiges kom bekend maak het sodat hulle deel kon word van die huis van God (Joh 17:6). Jesus is dus meer heerlikheid waardig as Moses!

- Moses kla: “Moet ek hulle soos ‘n suigeling versorg?” Lees Joh 17:11b-12. Hier sê Jesus dat Hy die wat die Vader aan Hom gegee het, beskerm en bewaar het terwyl Hy hier by hulle op aarde was, en nou dat Hy na die hemel toe gaan opvaar, nou bid Hy dat die Vader hulle sal bewaar. Vroeër daardie aand (in Joh 14:16-17) het Hy al aan hulle beloof Hy sal die Vader vra om die Heilige Gees te stuur om by hulle, selfs in hulle, te wees. In 1 Pet 2:25 word Jesus beskryf as die Herder en die Bewaker van die lewens van die skape. Jesus is dus meer heerlijkheid waardig as Moses!
- Moses kla: “Moet ek hulle by die beloofde land bring?” Lees Joh 14:2-3. Jesus onderneem om vir hulle plek te gaan voorberei, en daarna sal Hy terugkom en sal Hy hulle na Hom toe neem sodat hulle ook kan wees waar Hy is, dit is in die ewige heerlijkheid, oftewel die beloofde land. Jesus sal hulle daar bring. Jesus is dus meer heerlijkheid waardig as Moses!
- Moses kla: “Laat ek eerder sterf as dat ek op hierdie manier ondergaan.” Lees Fil 2:6-11. Jesus het van die hemel af gekom, was gehoorsaam en getrou selfs tot in die dood aan die kruis – omdat Hy verder kon kyk en sien hoe dat eventueel elke knie sal buig en elke tong erken “Jesus Christus is die Here” tot eer van God. Anders as Moses wat wou sterf om van die verantwoordelikheid vir die volk te ontkom, het Jesus gekom juis om die verantwoordelikheid vir die geregtigheid van die ware volk, die ware kerk, die huis van God, te dra, sodat die dinge wat God gesê het, waar kon word. Jesus is meer heerlijkheid waardig as Moses!

Kom ons lees ook nog Joh 1:14-18. Let op die volgende:

- Jesus is die Woord (v14) – Moses moes getuig van wat die Here nog sou sê, terwyl Jesus self die inhoud is van hierdie woorde.
- Jesus is die waarheid (v14b, 17) – Moses was getrou om die woorde van God getrou bekend te maak. Hy het hom dus by die waarheid gehou. Maar Jesus is die waarheid.
- Niemand het God ooit gesien nie (v18) – Moses het iets van die gestalte/heerlikheid van God gesien, maar Jesus, Sy enigste Seun, wat die naaste aan die Vader is, het gekom om Hom bekend te maak.

Jesus is dus heerliker/meer eer waardig as Moses – al was Moses ‘n baie besondere, getroue, sagmoedige mens ter wille van wie se eer God opgetree het, met wie God gepraat het soos met geen ander profeet nie, wie iets van God se heerlijkheid gesien het soos geen ander mens nie.

Kom ons gaan nou terug na Num 12:8b. Hier vra die Here ‘n baie direkte vraag aan Mirjam en Aäron: “Waarom was julle dan nie bang om so met My dienaar Moses te praat nie?” Siende dat die Here so ‘n unieke rol aan Moses gegee het, siende dat Moses gedemonstreer het dat hy nie bedreig voel deur 70 ander oudstes wat ook onder leiding van die Heilige Gees optree nie, siende dat die volk gevra het die Here moet eerder deur Moses met hulle praat, hoekom was julle so arrogant om so teen Moses op te tree? Hoekom was julle nie bang nie? Hoekom het julle nie gevrees nie?

Ek hoop die implikasie vir ons is glashelder en duidelik: Jesus is meer heerlik as Moses. Jesus is meer eer waardig as Moses. As hulle Moses moes vrees, vrees jy Jesus? Kan ek dit plat uitdruk: Is jy bang vir Jesus? Ek weet, in ons tyd is ons haastig om te verduidelik ons moet nie bang wees vir God of Jesus nie, vrees beteken om te respekteer, en... en... en... Die gevolg is ons raak baie gemaklik met Jesus en die Here. Ja, ons weet en stem saam: Hy is hoër as ons ... maar verstaan jy hoeveel hoër Hy is as jy?

- Moses was die sagmoedigste/nederigste mens op aarde – Jesus is nog meer sagmoedig en nederig (Mat 11:29). En jy is nie eens Moses nie!

- Moses was getrou in die huis – Jesus is die Een oor die huis, oor die mensdom, die aarde, die heelal en die ganse skepping. En jy is nie eens Moses nie!
- Moses kon iets van die gestalte van die Here sien – Jesus is die naaste aan die Vader, Jesus is God. En jy is nie eens Moses nie!

Ons kan baie maklik die vinger na die wêreld wys en hulle beskuldig hulle het geen vrees vir die Here nie. Ek stem saam, en hulle behoort werklik bang te wees vir wat vir hulle voorlê wanneer die Here gaan oordeel. Maar kom ons dink aan die kerk: Is vrees vir die Here nog aan die orde van die dag? Ek luister die afgelope week na 'n preek wat laas Sondag in 'n gevestigde Afrikaanse kerk gepreek is. In die preek maak die predikant die stelling: “Ek sê nie julle moet heilige Jannies en Sannies wees nie...” Nie net is die stelling Bybels totaal en al verkeerd nie, maar waar is die vrees vir die 3x Heilige God as jy so ligsinnig van “heilig” praat? Hy gaan verder en sê: “Kom tog oor julle sonde – dit is iets wat verby is en waarvoor jy alreeds vergiffenis ontvang het. Tel jou kop op en kyk vorentoe...” Werklik, nie net is dit lynreg in stryd met wat die Bybel leer nie, maar dit verkleineer die versoeningswerk van Jesus. Nou, jy kan lang argumente gaan bou oor wat hy eintlik bedoel het, en ... en ... en ... Die punt is net dit: dit is teologies slordig en verkeerd, en die prediker demonstreer ten minste 'n gebrek aan vrees vir die Here.

Dit was vir die Here onaanvaarbaar dat Mirjam en Aäron nie die nodige vrees vir Moses gedemonstreer het nie. En soveel te meer sal dit vir Hom onaanvaarbaar wees as ons nie die nodige respek vir Jesus en die Here demonstreer nie. Vrees jy werklik die Here?